Valentynsdag

“Pom-pom liefdesgoggatjie”

Wat het jy nodig:

- Papboks of afval stewige karton
- Skêr, wol of enige hekel/borduur koord
- *Googly* ogies wat jy by enige *craft* winkel kan kry of jy kan self maak
- Verskeidenheid dun pypskoonmakers
- Potlood of pen en leë eierhouertjies wat jy een-een uitsny
- Gom of ‘n *glue gun*

Instruksies: (sien die foto onder)

1. Sny ‘n stukkie karton so 5 cm in hoogte en 10 cm breed.
2. Sny n langer stuk wol/koord as die lengte van die karton en lê dit langs die lengte van die karton wat jy gesny het.
3. Draai nou die res van jou wol tot 80 keer (afhangende van die dikte van die wol of koord) rondom die stukkie karton.
4. Wanneer jy klaar is, knoop die lang stuk wat jy by nommer 1 gesny het, lekker styf rondom die wol wat jy nou gedraai het.
5. Sny nou die wol aan die onderkant van die karton deur.

6. Maak twee gaatjies met ‘n potlood in een eierhouertjie en neem een pypskoonmaker wat jy deur ryg (sien foto).
7. Neem jou wolletjie en plaas dit bo-op die eierhouertjie en draai nou jou pypskoonmaker rondom jou wolletjie - lekker stewig vas - sodat die wolletjie nou in plek is.
8. Draai die pypskoonmaker sodat dit twee hartjies vorm.
9. Plak nou twee ogies met ‘n *glue gun* of ander gom en daarsy – daar het jy jou liefdesgoggatjie!

Bron: East Coast Mommy: How to Make Love Bugs (eastcoastmommyblog.blogspot.com)